
PRONKBOEKE
SAHARA-REEKS
VUURPELOTON.... LÊ AAN!
deur MEIRING FOUCHÉ
'n Afrikaner in die Vreemdelegioen

Die bevel is reeds aan die vuurpelotonne gegee om aan te lê. Voor die bekke van hul gewere staan drie-en-veertig manne teen die muur. Drie-en-veertig man wat moet sterf omdat hulle getrou gebly het aan die Vreemdelegioen . . .

Toe 'n bevelhebber 'n paar weke tevore besluit het om 'n rebel voor 'n vuurpeloton te plaas en so van hom 'n voorbeeld te maak, het hy nie geweet watter verreikende gevolge hierdie daad sou hê nie.

Een van die gevolge is dat drie-en-veertig onskuldige manne nou dieselfde weg moet gaan as daardie rebel 'n paar weke gelede . . . maar op die laaste oomblik weerklink 'n stem deur die fort wat die vingers van die manne in die vuurpelotonne om die snellers laat verslap en wat hul leier verbaas laat opkyk . . .

# HOOFSTUK 1

OP die horlosie van die fort Jacques in die Sahara, is dit presies kwart voor sewe.

Die vierkant van die klein Franse vesting bied 'n besonderse toneel. 'n Hele garnisoen van 120 man staan op aandag in die vierkant—almal op een na.

Daardie man is Emil Tredoux. Hy is 'n kort donker Fransman en sy hande is agter sy rug aan 'n regop paal teen die binnekant van die vierkant vasgebind.

Emil Tredoux kyk op na die horlosie. Hy kyk met aandag na die tyd en met 'n aaklige gevoel van voleinding.

Want Emil Tredoux het presies nog 'n kwartier om te leef.

Voor die garnisoen wat styf op aandag staan, staan die bevelvoerder van Fort Jacques—kaptein Jaeme Cordier.

„Soldate van Fort Jacques," sê kaptein Cordier, „ons het vanoggend 'n onaangename taak. Ons plig as soldate van die Franse Vreemdelegioen skryf aan ons voor om 'n makker om die lewe te bring. Manskap Emil Tredoux. Dit is van belang dat ek met julle daaroor praat. Ek wil hê julle moet al die omstandighede ken voordat ons tot hierdie onaangename stap oorgaan.

„Manskap Tredoux het 'n lid geblyk te wees van die Geheime Leër-organisasie. Vir dié van julle wat nie weet wie die Geheime Leër-organisasie is nie, sal ek dít sê. Dit is 'n organisasie van heethoofdige Franse wat weier om hulle neer te lê by die beslissing van die Franse regering dat die hele volk van Algerië oor die toekoms van Algerië sal besluit. Die Geheime Leër-organisasie verkies dat Algerië uitsluitend Frans bly. Dit is nie vir my nodig om te sê hoeveel bloed al vergiet is tussen die Franse en die Algeryne in Algerië nie. Dit is ook nie vir my nodig om vir julle te sê dat die Franse regering besluit

het om aan Algerië onafhanklikheid te gee nie. Julle weet dit almal. Dit is teen hierdie besluite van die Franse regering dat manskap Emil Tredoux hom verset het hier in Fort Jacques. Manskap Tredoux het teenoor my erken dat hy manne in hierdie vesting probeer ompraat het om by die Geheime Leër-organisasie aan te sluit, teen die Vreemdelegioen en teen die Franse leër en regering. Wat my betref, *Legionnaires*, is dit verraad van die eerste gehalte. Dit is verraad teen die Franse staat. Verraad teen die Franse leër. Verraad teen die Vreemdelegioen. Ek ag dit my verantwoordelikheid om manskap Tredoux in die omstandighede onmiddellik tereg te stel."

Kaptein Cordier kyk die manne deur. Stadig en aandagtig kyk hy hulle deur want hy het geen begrip van hoe ver die propaganda van Tredoux reeds in hierdie garnisoen deurgewerk het nie. Bes moontlik is die meeste van hierdie manskappe reeds die Geheime Leër-organisasie goedgesind. Moontlik het die meeste van hulle al afvallig geword van die Franse Vreemdelegioen. Daarom dat hy vanoggend hierdie drastiese stap doen. Hy moet van Tredoux 'n voorbeeld maak, anders sit hy later met 'n garnisoen waarvan driekwart nie meer aan die Vreemdelegioen getrou is nie.

Kaptein Cordier is 'n troue Fransman en in murg en bloed 'n ondersteuner van die Vreemdelegioen. Omtrent sy hele lewe lank al dien hy in die Vreemdelegioen. Hy is daarop trots soos 'n moeder op haar kind en hy is seker die laaste man wat sal toelaat dat enigeen sy hand teen die legioen verhef. Laat staan nog 'n lid van die Legioen self.

„Ek het julle die verhaal van *legionnaire* Tredoux vertel," sê kaptein Cordier. „Op hierdie oggend gaan hy tereggestel word. Ek vra ses vrywilligers om vorentoe te tree as lede van die vuurpeloton. Sal ses vrywilligers vorentoe tree, asseblief? Die tyd is min."

Daar kom 'n intense stilte in die vierkant. Geen enkele man verroer hom nie. Dit lyk asof hulle Cordier nie gehoor het nie. Want op hierdie oomblik worstel elke man



in hierdie vierkant met sy eie gewete. Dit is 'n bitter ding om 'n kollega en 'n makker te dood. Daarteenoor is daar die kwessie van militêre dissipline. Wanneer jy soldaat is, doen jy soos vir jou gesê word.

Daar is veral een man hier in die linie wat op die oomblik ver dink. Hy is 'n lang, blonde, atletiese kêrel met helder oë en 'n kragtige liggaam. Hy is nie 'n Fransman of 'n Spanjaard of 'n Duitser of 'n Italianer nie. Hy is 'n Suid-Afrikaner uit die ou Boland. Sy naam is Theuns Stegmann.

Theuns Stegmann het spesiale rede om ver te dink. Hierdie ding van Emil Tredoux het nie vandag of gister begin nie. Dit het al verskeie maande gelede begin. Eendag in die waskamer van die vesting.

Toevallig was Teuns en Tredoux die middag alleen in die waskamer. Dit was toé dat Tredoux hom genader het. „*Legionnaire*," het Tredoux toe gesê. „Ek wil met jou praat. Ek wil jou ondersteuning vra vir die Franse Geheime Leërorganisasie."

Teuns het baie stil geword en die man verwese aangekyk.

„Wat praat jy nou, Tredoux?" het die Suid-Afrikaner gevra. „Hierdie is die Franse Vreemdelegioen. Die Franse Vreemdelegioen is, sover ek weet, getrou aan die Franse regering. Die Geheime Leërorganisasie verset hom teen die Franse regering. Vra jy my om verraad te pleeg?"

„Ek vra jou om Algerië vir Frankryk te behou," het Tredoux geantwoord. „Ek vra jou steun sodat Frankryk Algerië altyd sal bestuur."

„Kyk hier, boet," was Teuns se antwoord. „Ek is 'n soldaat. 'n Soldaat van die Vreemdelegioen. Met die politiek het ek niks te doen nie. As die Franse regering al die Mohammedaanse inwoners van Algerië ook die reg wil gee om hul land te regeer saam met die Franse, dan is dit hulle saak. Ek het daar vrede mee."

Emil Tredoux is 'n kortgebakerde man. Van kleins af

is hy daaraan gewoond om sy sin en sy wil te kry, daarom het hy dié dag vir Teuns Stegmann kwaad geword.

„So," het hy gesê, „dan is jy ook een van die stewellekkers wat net altyd doen soos vir jou gesê word. Jy het geen ambisie om vryheid te besit nie. Jy het geen gevoel vir die Franse volk in Algerië nie."

Een woord het tot die ander gelei en uiteindelik was Teuns Stegmann woedend. Toe het hy die waarskuwing teenoor Emil Tredoux uitgespreek wat hy nou nog so goed kan onthou.

„Ek waarsku jou, Tredoux. As jy nie ophou met hierdie ondergrawingswerk van jou nie, sal ek verplig wees om dit aan die bevelvoerende offisier van hierdie vesting te rapporteer."

Dit het manskap Tredoux so woedend gemaak dat hy Teuns byna te lyf gegaan het. As dit nie was dat die Suid-Afrikaner soveel kragtiger is as hy nie, sou Tredoux hom bepaald te lyf gegaan het. Want Emil Tredoux is 'n verbitterde man. Hy is eintlik meer politikus as soldaat. Voordat hy na hierdie vesting gekom het, toe hy nog in die kaserne in Algiers was, het hy dikwels weggeglip na die monsterbyeenkomste van die Geheime Leërorganisasie. Daar het hy geluister na die opstokende toesprake en na die wilde voornemens van die organisasie.

Hy het teenoor Teuns Stegmann 'n aaklige waarskuwing uitgespreek. „Gaan rapporteer my as jy wil, *Legionnaire*," het Emil Tredoux destyds gesê, „maar wees dan net bereid om die gevolge te dra. Ek kan jou verseker dat jou lot 'n bitter lot sal wees wanneer die Geheime Leërorganisasie jou eers onder hande neem."

Dit was toe dat Teuns Stegmann vir Emil Tredoux reguit die waarheid gesê het. „*Legionnaire*," was sy woorde, „ek dink nie ek gaan uitstel nie. Ek gaan nog onmiddellik vandag na die bevelvoerder. Dit is my plig om hom te sê wat hier gaande is. Dit is my plig om hom te waarsku wanneer ek 'n teken sien van verraad binne 'n vesting van die Franse Vreemdelegioen."



So is Teuns Stegmann en Emil Tredoux daardie dag uitmekaar. Teuns het nog dieselfde middag na kaptein Cordier gegaan. Cordier was tot in sy murg geskok oor wat Teuns hom vertel het. Hy het in sy kwartier rondgedwaal sonder dat hy wis wat om te doen. So ontsteld was hy dat hy glad vergeet het van Teuns wat daar by hom was. Nadat hy goed tien minute lank voor die venster gestaan het, het hy eindelik omgedraai en Teuns daar sien staan.

„Dankie, *Legionnaire*, dat jy my kom sê het," was Cordier se woorde. „Ek sal daarvan werk maak."

Maar kaptein Cordier het nie gou werk gemaak van wat Teuns Stegmann hom kom vertel het nie. Vir hom het daar 'n tyd van diepe wroeging gevolg. Dae en nagte het Cordier gepeins oor wat om te doen. Hy het juis 'n instruksie van die opperbevel ontvang dat alle bevelhebbers van vestings hul oë moet oophou vir die ondergrawende invloede van die Geheime Leërorganisasie.

Daar is op gewys dat die geheime organisasie danig baie ondersteuners het in die gereelde Franse leër en selfs in die Vreemdelegioen. Dit het Cordier skerp onder die besef van sy plig gebring. Maar, aan die ander kant het hy geworstel met die aaklige besluit of hy iets teen hierdie *Legionnaire* moes doen.

Kaptein Cordier het begin snuffel. Hy het dit baie versigtig gedoen en baie deeglik. Die uitslag daarvan was dat hy op 'n donker komplot gestuit het. 'n Komplot binne die klein vesting waaromtrent hy niks, ja letterlik niks verder kon uitvind behalwe dat Tredoux 'n ondersteuner van die Geheime Leërorganisasie is nie. Cordier het vasgestel dat daar iets aan die broei is in Fort Jacques. En dit het hom tot die bittere beslissing gebring. Dit het hom laat besluit om iets byna ongehoords te doen. Dit het hom daartoe gebring om die wet in sy eie hande te neem en self die straf uit te deel en om daarby die hoogste straf toe te dien.

Op 'n middag het Cordier vir Tredoux na sy kwartier ontbied. Hy het hom reguit gevra of hy 'n lid is van die

Geheime Leërorganisasie. En sonder om te blik of te bloos het Tredoux beken dat hy nie alleen 'n lid van die organisasie is nie, maar 'n geesdriftige organiseerder van die organisasie. Die man se driftige onverskilligheid en sy ongelooflike ywer het Cordier skoon uit die veld geslaan. Dit het hom ook laat skrik. Dit het hom aan Tredoux 'n direkte vraag laat vra : „Hoeveel ondersteuners het die organisasie in Fort Jacques?"

Maar daar het Cordier hom misreken met Tredoux. Tredoux het botweg geweier om selfs 'n aanduiding te gee van hoeveel manne in Fort Jacques ondersteuners van die Geheime Leërorganisasie is.

Eintlik was dit Tredoux se weiering wat Cordier op die bitter besluit gebring het. Die besluit om 'n voorbeeld te maak van drastiese aksie teen die Geheime Leër-organisasie.

So is dit dat Emil Tredoux, 'n gewilde, dapper soldaat van Frankryk, nou aan die paal vasstaan hier in die vierkant van Fort Jacques.

Hoewel dit vroeg is, is die eerste hitte van die Sahara reeds duidelik voelbaar. Die manne wat daar so op aandag staan, voel hoedat die sweet onder hul kepi's uitloop. Hulle voel die sweet teen hul ribbes en op hul bolippe.

Hulle sien die skaduwee van 'n aasvoël wat hoog oor die vesting draai. So asof die ellendige roofvoël 'n voorgevoel het van wat hier gaan plaasvind vandag. Party van hulle ril toe hulle na die skaduwee kyk. Die meeste van hulle beskou dit as 'n voorbode van onheil, van bloed, en van dood.

Kaptein Cordier vind dit nodig om nog 'n maal met die manne te praat. „*Legionnaires*," sê hy, „ek vra ses vrywilligers om in die vuurpeloton te dien. Moet ek dit nog 'n maal vra?"

Daar by die paal glimlag Emil Tredoux. Hy kyk na die paar rye manne wat so netjies op aandag staan. Hy ken sy vriende in daardie rye. Hy ken ook sy vyande. Hy kyk na die lang man in die voorste ry. Teuns Stegmann.



Tredoux kry moed. As Stegmann nie bereid is om vorentoe te staan nie, wie sal dan nog bereid wees?

Op hierdie oomblik worstel elkeen van daardie manne met 'n donker besluit. Jou makker teen die wet. Jou persoonlike gevoelens teen die dissipline van die Legioen. Jý teen die leër van Frankryk. Jý teen Frankryk self. Frankryk gee die bevel en jy moet gehoorsaam.

Teuns Stegmann neem sy besluit eerste. Met drie flink treë staan hy vorentoe.

Emil Tredoux vloek in sy binneste. As hy maar liewer nooit daardie middag in die waskamer met daardie ellendige vent gepraat het nie. Daar het hy hom misreken. Waarom het hy dit gedoen? Seker omdat Stegmann so indrukwekkend is. So groot en kragtig, so populêr onder die manne. Almal hou van hom, want hy is genaakbaar, vriendelik. Hy het 'n reputasie. Hy het 'n status want hy het al baie bloed in die sand van die Sahara gesien.

Toe Teuns vorentoe tree, het dit 'n merkwaardige uitwerking op die paar linies van die garnisoen. Hy word feitlik onmiddellik gevolg deur 'n paar van sy intiemste makkers—die Duitser Fritz Mundt, die Pool Podolski, die Engelsman Jack Ritchie, die klein Italianer Petacci, maar hulle is nie ál nie. Byna die helfte van die garnisoen tree vorentoe.

Kaptein Cordier aanskou dit met voldoening. In een aaklige oomblik het hy hom verbeel dat niemand sou vorentoe tree nie. Nou sien hy die mate van trou wat nog in hierdie garnisoen te vind is.

„Dis genoeg," roep Cordier. „Ek het maar net ses gevra. Dit is in elk geval interessant om die gevoelens van die garnisoen waar te neem. Laat ek onmiddellik sê dat ek niks het teen diegene wat nie vorentoe getree het nie. En nou sal ek verplig wees om self ses man uit te soek."

Cordier doen dit vinnig en deeglik. Hy beweeg met die linies langs en met sy offisierstaf raak hy die manne aan wat hy wil gebruik. So asof hy hulle persoonlik seën.

Die heel eerste een wat hy aanraak, is Teuns Stegmann. Teuns staan nog 'n tree vorentoe. Toe raak hy vir Podolski aan en so in die linies soek hy nog vier man uit.

Toe stap Cordier terug na 'n man wat seker meer jare agter sy rug het in die Vreemdelegioen as enigiemand anders : sersant Catroux. Hy gee aan Catroux 'n paar bevele en Catroux gee op sy beurt 'n paar bevele aan die manskappe. Teuns en die ander vyf marsjeer weg in die rigting van die groot slaapsaal van die vesting. Daar bring Catroux hulle tot stilstand en toe keer hy terug na die linies.

Hy laat die manne opnuut aantree. Hy laat hulle marsjeer. Laat hulle swenk en toe laat hy hulle op aandag staan met hulle gesigte reguit na die veroordeelde Emil Tredoux.

Dit duur omtrent vyf minute voordat die vuurpeloton bewapen is. Toe bring Catroux hulle flink en vinnig tot voor die paal waaraan Tredoux vas is.

Twee soldate met tamboere staan voor die linies en hulle hou 'n stadige diep slag op die tamboere vol.

Kaptein Cordier staan eenkant en hy loer beurtelings na die linies en na die veroordeelde. Die blas Tredoux het wit geword.

Sersant Catroux marsjeer flink tot by die veroordeelde en plaas die wit doek oor sy oë.

Toe Catroux die blinddoek agter Tredoux se kop vasmaak, sê Tredoux : „Julle is vervloek, sersant. Elkeen wat enigiets doen om my vandag te laat sterf, is van hierdie oomblik af vervloek. Julle sal aaklig sterf, sersant. Aakliger as wat julle julle ooit kan verbeel."

Sersant Catroux sê niks want Catroux is 'n soldaat in murg en been. Hy vra nooit vrae nie. Hy doen wat vir hom gesê word. Hy is soldaat.

Toe kom hy terug na die vuurpeloton. Kom neem hier by hulle stelling in. Hy wag op die bevel van kaptein Cordier.

Die meeste manne in die linies kyk met afsku en angs



na die blink lope van die gewere van die vuurpeloton. Party kyk met haat daarna. Ander kyk glad nie daarna nie. Hulle staan net en kyk af op die Saharasand hier in die vierkant van Fort Jacques. Die skaduwee van die aasvoël gly weer oor hulle. Kaptein Cordier sien dit ook. Hy wonder wat die betekenis daarvan kan wees. Vir 'n oomblik twyfel hy maar toe besef hy weer sy plig. Sy dure plig as soldaat.

„Gereed, Catroux?" vra hy.

„Gereed, *mon capitaine*," antwoord Catroux.

„Gaan voort, Catroux."

Catroux gee twee bevele en toe is die gewere teen die skouers van die vuurpeloton. In die loop van twee van daardie gewere is daar patrone wat kan dood. Dit weet hulle. In die lope van die ander is daar loskruitpatrone. Een of twee man sal Tredoux doodskiet en niemand sal ooit weet wie dit was nie.

Maar wat Tredoux betref, is hulle almal skuldig. Al ses—veral die lang blonde man met die blou oë. Veral ook Catroux. Veral ook Cordier.

Hy kyk op na die horlosie. Dit is 'n halfminuut voor sewe.

Die skaduwee van die aasvoël gly weer oor die vesting.

Tredoux is geblinddoek maar in sy verbeelding sien hy die blink lope van die gewere. Sien hy die swart bekke daarvan.

Die getrommel van die tamboere styg hoër. Dit word hard en diep soos die dreuning van donderweer.

Toe klap die bevel van Catroux.

„Vuurpeloton . . . lê aan!"

Dit word gevolg deur 'n aaklige stilte waarin net die geluid van die tamboere hoorbaar is. Tredoux klem sy hande saam en in daardie deel van 'n sekonde wat hom nog gegun is, spoel 'n groot deel van sy lewe deur sy gemoed. Veral sien hy sy suster. Klein en pragtig. Sy is omtrent ál wat hy oor het in die lewe, en nou moet hy van haar ook afskeid neem.